REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Beste lesers,

Die einde van die jaar is alweer in sig… Ons mag met dankbaarheid terugkyk op 'n jaar waarin die Here Sy behoedende hand oor ons gehou het. Al voel dit asof mens net so hier-en-daar grondvat, kan ons met sekerheid weet dat ons nooit alleen is nie.

Maar, die jaar kan nie eindig sonder Kongres nie! Jy sal in hierdie uitgawe ook meer inligting daaroor vind. Die stories wat ek gehoor het, laat geen twyfel nie - dit gaan 'n uitstekende Kongres wees! So wees daar!!

In hierdie uitgawe sal jy interessante artikels vind wat handel oor ons gebed, kloning, die vraag of God werklik bestaan, lewe na die dood en verassing. Verder kan ons ook lees en uitvind wat dit werklik beteken om boustene van Christus se Kerk te wees, asook hoe ons as Christene geweldlose stryders vir God se Woord kan wees.

Ons wil graag vir Elise welkom sê in die Olielamp-span. Ons gaan sommer lekker saamwerk. Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om ons administrasie-spannetjie te bedank. Mirjam, Alex en Marlene – BAIE DANKIE vir al julle moeite en geduld deur die jaar! 'Keep it up!' ☺

Hierdie uitgawe is die laaste een vir die jaar 2007! Namens al die Olielamp-redaksies, wil ons julle 'n Geseënde Feestyd toewens. Wees versigtig op die paaie, en mag God julle almal weer veilig by die huis bring in die nuwe jaar 2008!

Groete, tot in die nuwe jaar!
Mariëtte

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Geloofshelde...?: Henog 3
Bid en jy sal ontvang 6
Oppad 7
Is jy boumateriaal? 7
Christene: Geweldlose vegters 8
Lewe na die dood 9
Sé nou God bestaan nie? 10
Voel jy ook so? 12
Kloning: 12
Verassing: 'n opsie? 15
Voetspore 16
Kongres 2007! 18
Kongres 2007! 18

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 13 Januarie 2008

Uit die Woord

Geloofshelde...?: Henog

Helga de Mooij

Génesis 5: 22-24
"[22] En Henog het ná die geboorte van Metúsalag nog driehonderd jaar met God gewandel. En hy het seuns en dogters gehad. [23] So was dan al die dae van Henog drie-honderd-vyf-en-sestig jaar. [24] En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem."

Hebreërs 11: 5,6
"[5] Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. [6] En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."

Waarom die vraagteken na die woord "geloofshelde"? Kan ons hulle as helde sien? Sou dit nie beter wees as ons Henog, Abraham, ens. eerder geloofsgetuies genoem het nie? As mens Hebreërs 12:1 lees, word daar duidelik gesê dat ons van hierdie mense **getuienis** ontvang het. Hierdie mense wat as 'geloofshelde' in Hebreërs gesien word, is mense wat ook maar dikwels in die lewe met die geloofstryd gesukkel het.

Stilstaan

Perfectly Still...

Stand perfectly still – and wait on the Almighty God. Let He do what He has planned and do not run to let your own plans come to pass.

Sit perfectly still – when you go on your knees before the most Holy God. You cannot even move without His hand.

Lay perfectly still – and look above and around you: all the amazing works of your Creator. He has made everything in the whole universe, including you!

Be perfectly still – that you can hear the voice of the good Shepherd and not turn to belong to another shepherd's flock.

But never keep still - about the God who lets you stand, sit and lay down! The God who calls you by your name and sends you to proclaim His Name!

As ons bv. aan Abraham dink: Hy het in Egipte, omdat hy gedink het dat hy na homself moes omsien, i.p.v. om te dink dat God vir hulle sal sorg, aan die koning van Egipte gesê dat Sara sy suster is. Hy het ook, nadat God aan hom beloof het dat Hy hom 'n nageslag so groot soos die sterre aan die hemel sal gee, steeds sy diensmeisie geneem en by haar kinders verwek, omdat hy gedink het God vat te lank om sy beloftes te vervul. Hierdie mense het, net soos ons, ook in die sonde gestruikel, maar tog bly hulle ons as voorbeeld, omdat hulle telkens weer na God teruggekeer het en in geloof verder wou. Hulle was nie 'helde' nie, maar eerder geloofsgetuies van hoe die lewe lyk van iemand wat God wil behaag, wat alleenlik maar kan wanneer jy geloof het.

So is dit altyd mooi om hierdie verse in Hebreërs te lees - iemand wat nie sterf nie, maar deur God weggeneem word om die dood nie te sien nie. Daarby ontvang Henog ook 'n baie mooi getuienis van sy lewe – hy het God behaag!

Om die tekste beter te kan verstaan is dit miskien nodig dat ons bietjie meer van Henog weet. Uit die boek Judas (hoofstuk 1 vers 14) leer ons dat Henog 'n profeet was – nie net 'n profeet van woorde nie, maar ook van dade. Met woorde – hy het die mense na God toe teruggeroep. Met sy dade – hy het met God gewandel. En dít is baie opvallend. Die Bybel lê ook klem daarop. Dis die eerste en laaste keer wat ons van Henog in die Bybel lees.

Ons lees verder nie veel van Henog nie. Ons weet dus dat hy 'n profeet was. Vanuit Génesis kan ons ook aflei dat die mense van Henog se tyd hom skielik gemis het – hy was nêrens te vinde nie.

Henog het in 'n tyd geleef waarin die volk van God baie losbandig geleef het. Die mans van Israel het vroue uit die heidense volke vir hul geneem. Gemengde huwelike het veroorsaak dat die volk van God hoe langer hoe meer van Hom afgedwaal het. Maar dan, te midde van hierdie goddelose volk, wil Henog God behaag. Henog het nie op sy eie, afgeleë van die volk gaan woon omdat hulle so goddeloos was nie; ons lees dan in Génesis dat hy seuns en dogters gehad het. Hy het, soos die volk, ook getrou en 'n gesin gehad. Henog het God se skeppingsopdrag gehoorsaam, "…wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde...". Hoofstuk 5 van Génesis lees baie dieselfde: Adam verwek kinders en hy het gesterf… Set verwek kinders en hy het gesterf…Enos verwek kinders en hy sterf. MAAR dan kom die mooie: Henog verwek kinders, maar hy sterf nie. Henog het die dood nie gesien nie. Deur die geloof het hy ontvang wat alle gelowiges uiteindelik sal ontvang – die lewe! Hier vind ons die profesie van die oorwinning van die dood – die ewige lewe. Henog is deur God van hierdie aarde weggeneem, omdat hy geglo het. Geloof is om nie te sien nie. Hy het die Here vertrou. Vertrou is om die inhoud van God se beloftes te ken, sonder om dit te gesien het. Henog hoef nie meer die ellende en goddeloosheid van die wêreld te aanskou nie – God het hom daarvan gespaar en hom tot Hom geneem. Hy het in die groot stryd die grootste plek ontvang – die oorwinnaar. God het hom ook ryklik in sy gesinslewe geseën – sien maar die name van sy seuns in Génesis.

In sy lewenswyse wat God behaag het, is Henog ons tot groot voorbeeld. Te midde van 'n goddelose wêreld, het Henog met God gewandel. Dis wat ons van Henog kan leer – om deur ons lewenswyse God die eer te bring.

Dan kom ons by die tweede gedagte van hierdie Bybelstuk – dit is die sesde vers van Hebreërs 11. Ons het eers gehoor van God se getuienis oor Henog se lewenswyse, maar nou raak die vers algemeen. Dit gaan eweskielik nie net oor Henog of Abel nie, maar dit raak nou alle gelowiges. Daar word gekyk na hoe 'n mens God behaag. As daar nie geloof teenwoordig is nie, is dit totaal en al onmoontlik om God te behaag. Mens kan alleen maar deur geloof God behaag. Alleen deur geloof kan 'n mens doen wat God behaag. In alles wat jy doen, moet jy jouself elke keer weer vra of dit ook die Here sal behaag, en nie net vir jouself plesier verskaf nie. Dit affekteer alles in jou lewe – met watter mense jy vriende maak, by watter plekke jy uithang, hoe jy na medegelowiges kyk ens.

God wil nie hê dat ons heeltemal op ons eie, afgesonder van die res van die wêreld sal lewe nie, maar Hy wil juis hê ons moet die wêreld ingaan en as kinders van Hom lewe, sodat die mense ons lig kan sien en kan sien dat ons sy kinders is.

Filipense 2: 14-16
*"Doen alles sonder murmurering en teëspraak, sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte **in die wêreld**, deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus…"*

Dit gebeur so dikwels dat ons onsself eers die vraag afvra of dit mense wel gaan behaag, terwyl ons heel eerste daaroor moet dink of dit God gaan behaag. Dit gaan oor God – God se vreugde.

Hebreërs 11:6
"…want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is…"
Ons moet vas en seker glo dat God bestaan en dat Hy alomteenwoordig is. Hy is dáár elke oomblik van elke dag. Hy doen wat Hy beloof het en Hy sal dit volbring. Dit wat ons op grond van sy woord hoop, sal vir ons 'n werklikheid word. Wat ons nie sien nie, maar deur Hom beloof is, sál ons sien. Só moet ons ons lewe invul. En dit is nie altyd maklik nie – die stryd van die geloof is 'n baie swaar stryd in 'n wêreld wat God verwerp het. Maar ons het hoop. Aan ons is getuienisse gegee van God – die getuienisse wat aan Abel en Henog gegee is, geld ook vir ons. Dit geld vir elke mens wat in geloof leef. Dan is Psalm 1 ons ook tot groot vertroosting en bemoediging om elke dag weer opnuut die stryd van die geloof aan te pak:

"Welgeluksalig is die man wat
nie wandel in die raad van die goddelose en
nie staan op die weg van die sondaars en
nie sit in die kring van die spotters nie;
maar sy behae is in die wet van die HERE,
en hy oordink sy wet dag en nag.
En hy sal wees soos 'n boom
wat geplant is by waterstrome,
wat sy vrugte gee op sy tyd en
waarvan die blare nie verwelk nie;
en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.
So is die goddelose mense nie,
maar soos kaf wat die wind verstrooi.
Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel
en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.
Want die HERE ken die weg van die regverdiges,
maar die weg van die goddelose sal vergaan."

Bronne:
Dr. F.C. Fensham - Die brief aan die Hebreërs
Ds. J.J. Dingen - Die wij niet zien

Bid en jy sal ontvang

Matthéüs 7:7-11

Jan Lubbinge

Elke dag is daar soveel dinge wat met ons gebeur. Elke dag moet jy besluite maak. Party dae maak jy belangriker besluite as op ander dae. Hoe doen ons dit? Hoe besluit ek wat ek gaan doen as ek klaar is met skool? Gaan ek werk soek, saam in die familiebesigheid in gaan of moet ek dalk gaan studeer? Dit is maar van die vrae wat op 'n gereelde basis op almal van ons af kom. Daar kan nog baie ander vrae bykom, byvoorbeeld oor verhoudings, werksgeleenthede, kuierplekke, movies, ens. As ons voor dergelike besluite staan, kan Mattheus 7:7-11 ons help:

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Nou wat beteken dit nou eintlik? Lees dit maar nog 'n keer… Is dit nie wonderlik nie! Ons sal alles wat ons soek en waarna ons vra van God ontvang! Ons moet Hom net daarvoor vra! Die gebed is dus 'n baie belangrike aspek van elke Christen se lewe. Ons moet dus weet hoe en hoekom ons moet bid.

In die gebed toon ons ons dankbaarheid aan God. Al weet God alles (dus ook dit wat jy Hom gaan vra) wil Hy hê ons moet dit steeds van hom vra. Ons moet bid sonder ophou (1 Thes 5:17). Ons moet ons afhanklikheid van God onthou en in ons gebede bely. Ons is uit ons eie tot niks in staat nie. Dit is God wat ons lewe lei en in Sy hand vashou. Gee God dan ook die eer wat Hom toekom, ook in die gebed.

Dit is inderdaad God wat ons lewens 'n sekere pad laat loop. Gelukkig maar. As ons self ons lewens moes bestuur het, sou dit verseker een groot gemors gewees het. God weet wat die beste vir ons is en sal dit ook aan ons gee. Al beteken dit soms dat dit moeilik gaan en ons nie van ons omstandighede hou nie, is dit tog in God se raadsbesluit gewees. Aanvaar die beproewings wat in jou lewe na jou toe kom. Dit is God wat besig is om aan jou te bou. En wat moet ek doen met moeilike besluite van die lewe…

Bring dit na God toe. So maklik soos dit. Bid en vertrou! Vra God vir leiding. Toets jou opsies aan die hand van die Bybel. Kan jy God in die besluit dien en eer? Maak dan jou eie besluit met vertroue dat dit God is wat jou gelei het en die goeie dinge aan jou gee wat jy van hom bid. Al blyk dit oor 'n tyd en uit 'n menslike oogpunt die "verkeerde" besluit te wees, kan jy met vrymoedigheid sê dat dit op daardie stadium die regte besluit was. Bid in opregtheid en jy sal die goeie ontvang. God lei jou soms met groot draaie, maar jy kan vertrou dat daar altyd 'n groter plan is as wat ons self kan sien.

Lees gerus ook Sondag 45 tot 52 van die Heidelbergse Kategismus wat oor die gebed handel.

Oppad

Is jy boumateriaal?

Jaartema Pretoria: Jeug as Boustene van die Kerk)

Eleanor Bron

Ek het nou die dag die wonderlikste ding ontdek!

Ek het 'n groep jongmense raakgeloop wat in hierdie sondige wêreld dit regkry om hul sondae te heilig, kerk toe te gaan en hul drankgebruik min of meer te beperk. Geluk! Julle het dit almal reggekry om in die sondige wêreld as Christene uit te blink!

Maar wat baat dit jou om uit te staan in 'n sondige wêreld as jy wegraak in "God se wêreld"? Ja, ons handhaaf onsself nogal goed, maar daar is baie plek vir verbetering. Veral as jy dit uit dankbaarheid vir God doen. As ons die boustene van die kerk is, hoekom bou ons dan aan ander dinge?

Al ons ekstra energie word gespandeer aan studies, werk, kuier en TV. Hoekom bou ons aan plekke soos universiteite, Hatfield en winkelsentrums terwyl ons bywoning van vereniging elke Dinsdagaand al hoe meer agteruitgaan?

Êrens moet ons opstaan en ons geluk en vreugde in die kerk gaan soek. Die kerk hoef nie aan te pas by ons lewensstyl nie. Ons moet ons lewens vir God verander. Ons moenie ons eie optrede deur ander s'n goedpraat nie, want in die wedloop van die lewe kompeteer jy net met jouself.

Die Bybel sê wel dat ons onsself mag geniet (Prediker 11:9). Ons mag – maar ons sal ook daarvoor rekenskap moet gee.

Al die middele vir sekerheid en geloof word aan ons gegee. God gee vir ons Sy Woord, die sakramente, sy Heilige Gees en so baie wysheid. Gaan vereniging toe, bid en hou die raad wat ouer mense jou gee in gedagte. Hulle het dit immers reggekry om God se kerk deur Sy genade, tot nou toe in stand te hou. Ons moet hulle voorbeeld volg om God se Woord nog langer 'n baken van lig te maak.

Om deel van ons kerkgemeenskap te wees, is 'n voorreg en 'n verantwoordelikheid. Jy MOET nie kerk en vereniging toe gaan nie – jy MAG!

As God na jou kyk, kan Hy jou as boumateriaal gebruik? Wat keer jou om 'n bousteen te wees? Hoe verhoed jy iemand anders om op jou te bou?

Christene: Geweldlose vegters

Harold Lotz

Wat beteken die titel:
"Christene: Geweldlose vegters"?
'n Mens moet hard oor die onderwerp nadink om 'n prentjie te kry van wat hiermee bedoel word.

Die onderwerp bedoel seker nie dat ons nie onsself kan verdedig nie, en dat ons ander moet toelaat om ons te mishandel nie. Nee, die onderwerp gaan oor 'n dieper saak as net 'n ooglopende stryd. "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wereldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." (Eff 6:12)

Die Here het aan ons die Heilige Gees gegee om ons in hierdie stryd te help.
Efesiers 6:10-20 beskryf aan ons die wapenrusting van God. Hierdie wapenrusting help ons om staande te bly teen die liste van die duiwel. Dit is duidelik dat geweld nie die aanvalle van die duiwel sal afweer nie, en daarom gee God aan ons hierdie nuwe wapenrusting.

Maar nou eers weer terug na die vraag: geweldloos?
As ons na die Bybel kyk, kry ons talle voorbeelde waar die Here sy volk lei en red sonder dat hy die volk opdrag gee om oorlog teen hulle teenstanders te maak. 'n Baie goeie voorbeeld hiervan is toe die Israeliete in ballingskap in Egipte was. Die Here het nie die volk in opstand teen die Farao laat kom nie, maar eerder twee van sy dienaars gestuur om met die Farao te gaan praat. God het dan self vir Farao laat sien hoe magtig Hy is deur die 10 plae op Egipte te laat neer kom. Nog 'n voorbeeld is Jesus Christus self. Hy het deur sy hele lewe gewys dat dit nie nodig is om met geweld mense tot oortuiging te bring nie, maar dat die werke van God mense laat glo.

Daar is ook talle gevalle waar die Israeliete wel oorlog teen hulle teenstanders moes voer. In so 'n geval het hulle hulself verdedig, of is hulle deur God tot oorlog gelei (die in-neem van die beloofde land). Dit is maklik om dinge in ons eie hande te wil neem wanneer iemand anders ons benadeel. In so 'n geval soek ons nie die wil van God nie, maar eerder ons eie wraak. Dit is nie hoe God ons leer nie.

Hoe kan ons dan geweldlose vegters in vandag se lewe wees?
Deur anders op omstandighede of gebeurtenisse te reageer, kan ons baie mense se koppe laat draai. Ander sal verwag dat ons kwaad raak wanneer iemand voor ons in-sny in die verkeer, maar deur nie kwaad te raak en die persoon uit te skel met handgebare en kwaai glure nie, kan ons 'n baie groter indruk op die persoon maak. Dink maar aan nog 'n eenvoudige voorbeeld: 'n Jong seun luister nie na sy pa nie. As die pa die saak nie reg benader nie en die kind 'n onregmatige straf gee, sal die kind nie insien dat hy verkeerd was nie, maar eerder kwaad raak vir sy onverstandige ouer wat hom so erg straf. Aan die ander kant, kan die pa vir sy seun vertel hoe diep dit hom seer maak indien hy nie vir hom luister nie. In so 'n geval, het die seun nie rede om kwaad te wees vir sy pa nie, en kan hy dan makliker raaksien dat hy verkeerd was. Dit is ook hoe God met ons handel. Hy straf ons nie vir elke verkeerde daad wat ons doen nie, want dit sou ons net verder in opstand bring. God leer ons wat reg en verkeerd is deur Sy Woord. God bring ons nader aan Hom, omdat Hy ons met liefde seën, wanneer ons Sy wraak verwag.

Ten slotte kan ons sien dat die opdrag van God is dat ons volgens Sy wil en voorskrifte moet leef. Dit vereis van ons om onsself by tye te verneder, en "die ander wang te draai", sodat ons Sy wil kan uitleef. Die les wat ons uit Jesus se lewe kan leer, is dat ons Almagtige, Hemelse Vader oor ons lewens beskik, en dat Hy ons lei en ons lief het. Hy sal vir ons sorg, en ons hoef ons oor niks te bekommer nie. Hy sal die oordeel uitspreek oor die wat Hom nie dien nie, en die wat Hom liefhet, red.

Lewe na die dood

Wim Boessenkool

Net soos die begin van alle dinge, die presiese hoe, waar en wanneer, vir die mensdom onbekend is, net so is ook die einde van alle dinge onbekend. Die wetenskap kan op grond van goeie of slegte teorieë sekere afleidings maak, maar presiese antwoorde kan hulle nie produseer nie.

Sterwe kan ons so verstaan: Die omgekeerde van lewendmakend vind plaas. As ons sterwe, sal die omgekeerde van die skeppingsproses gebeur, ons asem sal uitgeblaas word en God neem die gees wat Hy gegee het terug, en ons liggaam word stof. Wanneer ons sterwe vind daar 'n skeiding tussen ons geestelike- en liggaamlike lewens plaas. Ons moet nie vergeet of dink die lewe is klaar na ons huidige lewe nie, dit gaan aan: die lewe by God!



Jesus het baie kere vir sy dissipels en ander mense vertel dat die wat in Hom glo nooit sal sterwe nie, maar tot in alle ewigheid sal bly lewe (Joh 11: 23-26). Daarom is sterwe nie net iets wat uit my uitgaan nie, maar dat ons soos Paulus moet begeer om by Christus te wees (Fil 1:23). Paulus beskrywe die sterwensoomblik in terme van 'n verhuisingsaksie. Ek woon op die oomblik in 'n tentwoning. By die sterwensoomblik sal ek dan uit my tentwoning uitgaan en saam God in sy huis gaan woon, vir ewig (Joh 14: 2 en 3; Ps 23 :6). In Korintiërs 4 :16-5:10 word ons tentwoning goed beskryf: "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, maar ewig, in die hemele."

Ons moet ook nie ons hele aardse liggaam as onbelangrik sien nie, want dit is deur die ware God na Sy beeld geskep. Met al die gebreke en sondes wat die mens veroorsaak het, bly dit vir God die troon van Sy skepping. Die liggaam van die gelowiges gebruik God as 'n tempel waarin sy Gees kom woon. Daarom is ons nie daarop geregtig om met ons liggame te mors en dit te besoedel nie (Pred 11:10). Ons moet ons liggame as lewende, heilige en welgevallige offers vir God offer (Rom 12:1 en 2). Paulus sê so aan die Romeine en Fillippense dat hulle hul liggame as lewende, God-welgevallige offers moet stel; met ander woorde, sodat Hy dit kan aanneem (Rom 12:1;Fil 4:18).

Eendag sal ons deel van God se volmaaktheid wees en saam met Hom in Sy huis woon. Daarom moet ons nou al daarna toe leef en dit deel van ons lewe maak, terwyl ons nog in ons tentwoning woon. Dit is moeilik, ja, maar die Bybel leer ons ook dat ons nie altyd dadelik en volmaak hierdie vermoë sal hê nie. Dit sal met harde oefening en deur die Gees van God (Fil 1:9-11; Kol 1:9-11) na volwassenheid in die geloof ontwikkel. In Kolosense 3: 20 gee Paulus opdrag dat die kinders in alles aan hulle ouers gehoorsaam moet wees, want dit is vir God welbehaaglik, dit is vir God een van die mees belangrikste persone wat 'n kind moet gehoorsaam.

Dood is deel van straf, so sien ons in Genesis 2:17 waar God vir Adam sê: "…maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." Dood is nie

net vreemd vir die menselewe nie, maar 'n aankondiging as straf op alle sondes. As dood 'n straf van God is, is ons toegelaat om daar teen in te gaan? Kan ons teen dood baklei met medisyne en operasies? As dood vanuit God se hande kom, moet ons nie ons daaraan onderwerp nie? Mag ons na dokters gaan vir hulp en leiding in die tye van nood?

Om hier in meer duidelikheid te kry help dit om Genesis 1 en 3 te lees. Volgens Genesis 1:28, het God vir Adam die taak gegee om op die aarde te vermeerder en dit te bewaar. Die opdrag was nie weggeneem toe die sonde in die wêreld gekom het nie, maar het meer geword (kan gesien word as Gen 1 met Gen 3 vergelyk word). God het vir die man en vrou gesê: "Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees." (Gen 1: 29) Toe God weer met die man en vrou praat, het Hy nie vir hulle gesê: "Julle mag nie langer van die saad en vrugte eet nie en julle mag nie meer oor die aarde heers nie." God verbied nie die mense om in die wêreld te werk nie, maar Hy maak dit net moeiliker (Gen 3: 17-19). Mens moet baklei teen die moeilikhede om op die aarde te werk, maar die feit dat dit moeiliker is deur die straf, beteken nie dat ons moet opgee en ons onderwerp nie. "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet" (Gen 3: 19). So het God dit ook vir die vrou moeiliker gemaak om kinders in die wêreld te bring. Eers het God gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" (Gen 1: 28). God het nie die geboorte van kinders weggevat nie, maar het dit net swaarder vir die vrou gemaak: "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en swangerskap; met smart sal jy kinders baar" (Gen 3: 16). Deur al die dinge beteken dit nie dat ons nie teen die kwaad en sondes mag baklei nie.

Baie mense van vandag dink hulle moet op een of ander rede in beheer wees om oor die dood te heers. Sekerlik gaan dit vir ons party dae so voel. Pasiënte wil beter word, dokters wil siekes genees; maar ons moet van die begin af onthou dat ons ons grense van genesing het. Baie siektes kan oorkom word en mense kan herstel, maar daar is baie wat bo ons vermoë is wat ons nie kan beheer nie. Uiteindelik sal almal die stryd teen die dood verloor. Ons moet nie oppervlakkig lewe deur op die mediese raad te vertrou nie, vir dit wat ons weet … "is dit bestem om een maal te sterwe en daarna die oordeel." (Heb 8: 27)

Die sterwensuur vir 'n gelowige is soos die ontsluiting en deurgang na 'n splinternuwe heerlike lewe!!!

Sé nou God bestaan nie?

Uittreksel uit die boek 'Twijfel' deur H. Westerink

Teunis (jr) Eefting

Watter mens – jonk of oud – wat nie met toe oë deur die lewe gaan nie, is heeltemal vry van die simptome van die twyfelsiekte?
Kan ons alles glo wat ons in die Bybel lees?
Bestaan God regtig?
Want ons kan Hom nie sien nie. Net soos ou Israel Hom nie kon sien nie. In Deuteronomium 4: 11- 12 sê Moses vir die volk:
"en die berg het met vuur gebrand.. En die HERE het met julle uit die vuur gespreek; julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie--net 'n stem was daar."

Net 'n Stem. Dit was tóé.
Net die Woord. Dit is nóú.
Maar wie vind dit genoeg: net 'n geskrewe en verkondigde Woord? En dit in 'n wêreld wat leef by wat gesien en aangeraak en met die verstand verklaar kan word?
Wie inderdaad – uit homself?

Ons geloof is 'n gawe van God. Dit word deur die Gees in ons harte gewerk, maar die Gees maak ons nie tot 'n klomp identiese wesens nie. Ons behou elkeen ons eie geaardheid en *aanleg.* En alhoewel al ons afdwalings nie daaruit te verklaar is nie, het identiteit tog betekenis vir ons geloofslewe. Dit gee 'n eie dimensie aan elkeen se geloofsbelewing; weliswaar ook 'n eie neiging tot twyfel en onsekerheid.
So kom twyfel skynbaar meer dikwels voor by mans as by vroue.

Ons maak dit soms vir Satan so maklik om ons tot twyfel te verlei.
Hoe?
Deurdat ons so min doen om, soos die Woord sê die 'brandpyle van die bose' af te weer (Ef. 6: 16, 18). Ons laat die sonde toe om sterk te word in ons lewe. Onuitroeibaar sterk. Ons laat toe dat dit 'n houvas op ons kry, dat dit ons vashou, dat dit ons, bewustelik en onbewustelik, van die lig van God se aangesig weghou. Ons is nalatig en onbetrokke in ons verhouding met die Here. Onverskillig in ons luister na die Woord, na die prediking. Ons verwaarloos ons gebedslewe. Ons is traak-my-nie-agtig in ons kerkbywoning.
Miskien is die probleem dat ons ons hart aan ons rykdom opgehang het. Waarvan die Skrif sê: *"...die wat ryk wil word, val in versoeking... het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor."* (1 Tim. 6: 9- 10).

Nie radikale ongeloof nie. So ver gaan ons (nog) nie. Maar deur ons vrae, wat God se gebooie en wysheid in twyfel trek, kry ons mos meer leefruimte, selfs regverdiging, vir die sonde waarmee ons willens en wetens volhou.

Wanneer verkeerde begeertes ons lok, as verleiding oor ons pad kom, is ons ons norme kwyt. Dan het ons geen wet en geen Wetgewer tot Wie ons ons kan wend nie. Waar kry ons dan die krag vandaan om weerstand te bied, om vas te staan in die geloof? (Jak. 4: 7; 1 Pet. 5: 9)

Iemand wat homself as gesond beskou, sal nie 'n dokter gaan spreek nie. En as 'n mens meen dat jy geen skuld het nie, sal jy dit ook nie voor God gaan bely nie. Maar solank jy nie jou sonde bely nie, bly jy belas met die wete van God se toorn oor jou:
"Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed." (Ps. 32: 3, 4)
Dit is nou iets wat waarlik tot wanhoop sou kon lei: God se hand wat swaar op jou druk ...
Maar nou is die goeie boodskap van die evangelie dat Christus deur sy soendood vir ons vryspraak en vergifnis van sonde by God verkry het! Op grond daarvan kan 'n mens vrymoedig jou sondige twyfel voor God bely.

Nadat ons ons sondes voor God bely het, moet ons ons met die Woord bewapen. In die stryd teen die twyfel moet ons aanspraak maak op die steun van die geloofsgemeenskap waarin die Here ons geplaas het. Dit beteken nie dat die oordeel en die 'antwoorde' van die 'teoloë' die deurslag in ons geloofslewe moet gee nie. Die grond hiervoor is nooit enigiets anders as die geopenbaarde Woord van God nie. Met hierdie wapens van die lig kan ons dan twyfel in 'n

wêreld wat vol is van die werke van die duisternis beveg (Rom. 13: 12).

Die Here Jesus het ook gesorg dat sy evangelie deur *betroubare getuies* uitgedra en selfs op skrif gestel sou word. Wanneer Judas wegval uit die dissipelkring, sê Petrus:
" ... van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding." (Hand 1: 21-22)

Is God vir ons 'n toevlug? (Ps. 46: 1)
Hoe?
Angstig?
Wanhopig?
Paniekerig?
Onseker of ons by Hom 'n skuilplek sal vind?
Of Hy ons sal kan – en wil – help?
Nee, nie só nie.
Ons God is waarlik nie suinig, inhalig, karig met sy hulp nie! Hy vra ook nie dat ons kruipend en kruiperig na Hom kom as ons iets vra nie. Wat Hy van ons vra, is vertroue dat Hy werklik gewillig en in staat is om ons te help; gereed staan om ons te hulp te kom.

"Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat na my Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, Hier is Ek! Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;" (Jes. 65: 1- 2)

Voel jy ook so?

Kloning:

Speel die mens God of is dit slegs 'n wetenskaplike vooruitgang?

Hans de Wit

Gekloonde koeie is blykbaar veilig om te eet. Volgens Dr Patrick Dixon, die onbetwisbare kenner van kloning, is die vet-persentasie effens hoër as die gewone koei s'n, maar die vleis sal nogsteeds 'n goeie maaltyd kan uitmaak. In dieselfde asem moet dit ook genoem word dat so 'n stukkie vleis redelik onbekostigbaar is, en dat 'n gekloonde koei geensins enige voordele vir die boer inhou nie.

Die gene van 'n koei kan nou immers ook gemeng word met die gene van 'n bok - om te verseker dat die koei lekkerder koei-bok-melk kan produseer.

Is kloning miskien 'n moontlike antwoord op die feit dat jy altyd 'n vetter of liewers 'n maerder weergawe van jouself wou gehad het?



Waarmee is ons besig?

Die moontlikheid van kloning van die mens het vir die eerste keer bekend geword toe Skotse wetenskaplikes in 1997 Dolly, 'n skaap, suksesvol in die lewe gehelp het. Uiteraard het dit baie opskudding regoor die wêreld veroorsaak en ook baie etiese vrae na vore gebring.

Om kloning beter te verstaan is dit nodig om te weet dat daar meer as net die sogenaamde reproduktiewe metode is om biologiese materiaal te dupliseer.

Daar is 3 basiese metodes in kloning:

1. DNA kloning
2. Reproduktiewe kloning
3. Terapeutiese kloning.

1. DNA kloning

Deur die DNA van enige sel, plant, dier of mens te fragmenteer en dit dan by die DNA van 'n sel wat besig is om te reproduseer te voeg, kan miljoene duplikate in 'n baie kort tyd gemaak word.

Die DNA wat gekloon wil word, word by 'n sogenaamde plasmiede bygevoeg wat apart gehou is van die chromosoom DNA. Die oorgekombineerde plasmiede word nou by die reproduserende sel gevoeg. Die nuwe segment sal saam met die res van die sel reproduseer.

Dit is amper soos 'n bootjie vol appels wat oor die rivier dryf, en dan gooi iemand gou 'n piesang ook in. Die appels en die piesang sal saam veilig die oorkant bereik en die piesang sal saam met die appels verwerk word.

Bogenoemde kan gesien word as 'n metode om DNA te publiseer - net soos Gutenberg se drukprint vir boeke. Op die metode kan die DNA wat gesoek word vermeerder met miljoene duplikate in 'n kwessie van 'n paar ure. Hierdie metode is baie waardevol vir die slimkoppe, omdat dit so hoogs spesifiek en effektief is. Dit word gereeld toegepas in kliniese wetenskappe, prognoses van genetiese siektes, forensiese prosedures en natuurlik evolusionêre biologie.

Sou jy graag meer as dit wil weet, sal ek 'n graad in mikro biologie voorstel.

2. Reproduktiewe kloning

Reproduktiewe kloning is die metode waaroor almal 'n bohaai gemaak het, en is ook uiteraard die mees bekende tegniek. Dit word gebruik om 'n dier met dieselfde DNA as 'n ander bestaande dier of 'n dier wat nie meer bestaan nie te genereer.

DOLLY die skaap was op die manier gemaak. Dolly se vorige weergawe van "haarself " was al 'n paar jaar dood voordat haar DNA gebruik kon word vir Dolly.

Die wetenskaplikes het genetiese materiaal van die nukleus van die donor sel by die eiersel van 'n ander sel, waarvan die genetiese materiaal verwyder is, maar wat nog lewe, geplaas. Hierdie herskepte eiersel met die DNA van die vorige weergawe van Dolly moet met 'n elektriese impuls "geskok" word. Die elektriese impuls veroorsaak dat hulle saamsmelt. As hierdie gekloonde embrio die regte ouderdom bereik, word dit by Dolly se eintlike ma gesit, waarvandaan Dolly dan soos enige ander skaap gebore word.

Dolly was nie heeltemal die identiese tweeling van haar vorige "lewe" nie, omdat sommige genetiese materiaal nogsteeds van haar ma afkomstig was.

Die feit het wel opskudding veroorsaak, omdat wetenskaplikes voor Dolly se verskyning geglo het dat DNA 'n soort van fusie stadium bereik, waarby die DNA van elke orgaan en onderdeel van die liggaam nie meer kan verander nie.

Daar is nogsteeds baie foute in hierdie hele proses, en meeste van die gekloonde diere lewe by verre nie so lank soos hulle natuurlik geskape soortgenote nie.

3. Terapeutiese kloning of embrio kloning

Terapeutiese kloning is die produksie van menslike embrio's wat dan vir navorsing gebruik kan word. Die doel is nie om gekloonde mense te maak nie, maar eerder om selletjies te kry wat gesien en gevolg kan word gedurende hierdie spesifieke sel se ontwikkeling. Dit help om siektes beter te verstaan, en om spesifiek te kan sien hoe die mens ontwikkel. Baie mense hoop dat hierdie nuut gevormde selle eendag gebruik kan word om hart siektes, Alzheimer, kanker en nog baie ander siektes effektief te kan behandel.

Waarom sal mens dan ook die hart van iemand gebruik wat gesterf het vir 'n hart oorplanting, as daar 'n splinternuwe, perfekte, sel-gemanupileerde hart beskikbaar is?

Dit klink fantasties, maar daar is ook 'n kinkel in die kabel. Stam selle wat gebruik word, word van die eierselle op die ouderdom van vyf dae geskei. Hierdie ekstraksie proses vernietig dan ook die eiersel. 'n Woordjie om te onthou is "blastosist". 'n Blastosist is 'n 5-dae-oue eiersel. IS DIT AL 'N MENS? Kan ons sonder enige gewetensbesware die ontwikkeling van 'n nuutgebore kind vernietig? Of is dit nog geensins van toepassing om te sê dat 'n mikrosel enige menslike eienskappe het nie?

Terapeutiese kloning was nog glad nie suksesvol nie, en tot die dag van vandag is die orgaan bank 'n baie beter opsie vir die wat organe nodig het.

Speel ons GOD?

Die antwoord is simpel genoeg, NEE. Ons kan nie God speel nie en sal nooit kan nie, al probeer ons ook hoe hard.

Is die wetenskap verkeerd besig?

DNA kloning word al van die sewentiger jare in laboratoriums gebruik. Kloning is nie altyd verkeerd nie, afhangende waarvoor dit gebruik word.

Reproduktiewe kloning is hoogs onbetroubaar. Uit 274 probeerslae het Dolly gewerk, en geen dier het al gelewe sonder enige komplikasies nie, of enigsins lank gelewe nie.

Terapeutiese kloning is huidiglik onsuksesvol.

Mens kloning? Tot vandag toe was daar nog geen mens gekloon nie, en die hele proses om enigsins reproduktiewe kloning op mense toe te pas is alreeds in baie lande geban.

Genesis 3 gaan oor die sonde-val en spesifiek verse 4 en 5 :

"Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."

Ons wil van nature soos God wees, ons wil graag alle mag hê, ons wil graag alles kan doen wat God kan doen. Maar ons kan nie!!!

Te danke aan die goddelose instelling van vele wetenskaplikes, en finansiële implikasies van publisiteit, het kloning ontaard in net nog 'n onsinkbare titanic.

Verassing: 'n opsie?

Pieter van der Lugt

As Christene leef ons in 'n era waar verassing algemeen gekies word eerder as om begrawe te word. Dít nie net onder ongelowiges nie, maar ook onder gelowiges in ander kerk-gemeenskappe. Hierdie artikel is nie geskryf om 'n uitspraak oor die reg of verkeerd van verassing te maak nie, maar eerder om ons weer te laat dink: Hoekom glo ons in begrawing? Is dit die enigste 'Christelike' manier?

Om te verstaan waarom ons aan begrafnis vasklou, moet ons kortliks na die simboliek wat die begrafnis betref kyk.

In die Bybel lees ons van ontelbare begrafnisse, as beste voorbeeld kyk ons na Jesus. In 1 Korinthiërs 15 lees ons 'n pragtige belydenis: "…Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte…" As Christene van vandag volg ons Sy weg. So word ons gebore, ons sterf, word begrawe en sal uit die dode opgewek word wanneer Hy terug kom. As oordeel van God sal ons tot stof terugkeer, en vanuit Sy genade weer opgewek word.

Gekyk na die simboliek van begrafnis, dan kom dit skielik kort by verassing. Já, as jy veras word word jy ook stof, maar op geen natuurlike manier nie. Dit is eerder die totale verwoesting van die liggaam in 'n paar minute. Skielik lyk verassing baie kras en disrespekvol. Die liggaam wat God geskape het word verwoes.

Al lyk dit baie kras, goddeloos en verkeerd, kan ons verassing nie net veroordeel nie. Alle opvattings oor hoe met die dooies gehandel moet word is voorbeelde vanuit die Bybel. Wat ons wel moet onthou is dat daar geen gebod is wat sê ons mag nie veras nie. Dit is 'n kwessie van etiese en morele waardes.

Argumente vir Verassing

Daar is reeds baie oor verassing as moderne lyksversorging geargumenteer. Nie almal is ewe gewigtig nie.

1. Verassing is baie goedkoper as begrafnis. Dit is baie waar, die koop/huur van 'n stukkie grond by 'n begraafplaas is baie duur. Daarby kom die kostes van die kis, begrafnis-ondernemers, ens. Vra maar aan julle ouers hoe duur begrafnisse deesdae geword het.
2. Ruimte. In stede is daar beperkte ruimte beskikbaar. Regerings wil eerder die grondoppervlak vir ekonomiese doeleindes gebruik eerder as om dit beskikbaar te stel vir lyke wat geen voordeel aan die samelewing bied nie.
3. Praktiese argument. Wie begrawe word ontbind en verrot. Met verassing word hierdie proses net vinniger gemaak, omtrent 30 minute.

Antwoorde op elkeen van hierdie stellings van mense wat sterk gekant is teen verassing is amper altyd dieselfde.

"Die gemeente kan mos bydrae tot die betaling van die broeder/suster se begrafnis" – Dit is waar. Maar is dit nie dalk 'n onnodige las op die gemeente nie? Kan hierdie geld nie beter gebruik word vir sending, evangelisasie en gemeenskapsprojekte nie?

"Daar is baie plek! Kyk maar na ons enorme platteland waar niks aangaan nie." – Dit is ook waar. Maar gaan die hele gemeente 300km ry sodat hulle kan kyk hoe die persoon begrawe word en dan weer terug ry? Nee, ek twyfel. Dan gaan dit net die familie wees.

"Verassing is nie reg nie, want dit is onnatuurlik." – Is dit 'n geldige argument? Wat normaalweg in jare gebeur, gebeur nou in 'n paar minute. Op die ou end kom dit op persies dieselfde neer. Ons twyfel tog nie aan God se krag wanneer ons liggame opgewek word nie.

Veroordeel ons verassing op oorgelewerde gebruike? Of omdat ons waarlik glo dit is die regte manier?

Mentaliteit betreffende verassing

Iemand kan met volle geloof sê hy wil veras word. In teorie is daar dan niks mee verkeerd nie.

Máár, waarom juis? 80% van alle as word gestrooi. Ons glo in die opstanding van die liggaam, sal ons dan nie God se werk respekteer

en dit vir Hom so 'maklik' as moontlik probeer maak nie? Watter simboliek dra die strooi van die as? Dit het niks met geloof te doen nie. Dit gaan eerder oor die persoon se persoonlike plekkie of ruimte wat hy/sy altyd baie geniet het, bv. die see, of Tafelberg. Dan wil die persoon mos nie 'n goeie getuienis van sy Christelike geloof aflê nie.

Ons belydenis

Volgens 1 Korinthiërs 15: 42-44 bely ons: *"So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag."*

Ons bely die volmaakte opstanding van die liggaam wanneer Jesus Christus terug kom. Ons liggaam word soos Christus aan die aarde toevertrou. A.g.v. ons sondes vergaan dit tot stof om uiteindelik opgewek te word. Hierdie beleidenis mis ons grootliks by verassing. Die voorbeeld van Christus word dus uitgesluit.

As moderne Christene moet ons wel baie versigtig wees as ons uitsprake maak teenoor ander oor verassing. Begrafnis is nie 'n vasgelegde wet van God nie. Nêrens kan ons 'n gebod van God lees wat sê ons mag nie veras nie. Dít moet ons altyd in gedagte hou wanneer ons hieroor praat.

Voetspore

Geliefdes

Het julle al ooit gewonder wat die beste dag uit jou lewe is? Sommige mense beweer dat dit die dag is waar jy jou eerste duif met 'n kleilat dress en ander glo dat dit elke Donderdag is, wanneer jy weer die Rekord kan lees. Nie waar nie! Die beste dag uit jou lewe – en luister nou mooi – is as jy jou pen neersit en klaar is met jou laaste Matriek vraestel. Al weet jy dat jy miskien nie al die moontlike 20 punte gaan kry vir die beskrywing van die rol van Tiengelieng in *Die Keiser* nie, weet jy dat jy net huistoe kan gaan en daar ander nuttige dinge kan doen, soos voorstudie of Vraag en Antwoord 54 HK leer. Iets vir jouself.

Of natuurlik gewoon net lui wees.

Vra maar vir die Vrye Gereformeerde Matrikulante (VGM). Hierdie organisasie is onse eie slimmes. Hulle weet nou wat Tiengelieng se rol is (verbasend genoeg kom 'n mens dit altyd *na* die vraestel agter in so 'n "O ja!"-moment).

'n Ander mooi dag is om openbare geloofsbelydenis af te lê. Dit het in beide die Pretoria- én Maranata gemeente gebeur. Baie geluk aan Albert Agema, Andrea, Elsje, Rudy, Henrike, Jeanine, Jaco, Klazine en Renatha (VGM [Pta]). En ook aan Monique, Tommie, Marné, Cornelia, Hendriët en Guido Sebastian Rico (tussen hakies, dit is een persoon, nie die konvensionele drie nie). Ek is nou baie baie bang dat ek moontlik iemand vergeet het, maar dan vra ek by voorbaat nederig om verskoning.

Beide gemeentes het ook na die nagmaal 'n gemeente-ete gehad. Volgens die Bybelse tradisie, behalwe dan die volleyball na die maaltyd. Hierdie volleyball het soos gewoonlik weer allerhande dinge aan die lig gebring. Eerstens het ek bemerk dat Rynier Ros 'n geheime volleyball wapen (GVW) het. Hy het 'n variant op die "hou jou twee hande soos 'n bakkie bymekaar"-tegniek uitgedink. Dit word die "slaan die bal altyd met gebalde vuiste"-manouvre genoem. 'n Suksesvolle tegniek wat konsentrasie en passie vereis. Twee eienskappe wat Rynier huisves – toevallig, huh? Verder was dit ook opvallend om te sien dat Tjap en sy tweelingsuster 'n paar kommunikasie probleme op die volleyballbaan ervaar. As Tjap skree "Dress hom pappie", het Annemarie konsekwent die bal teen die net geslaan asof dit sokker is. Wat hierdie wel baie duidelik aan die lig gestel

het is dat Tjap en Annemarie níé 'n identitiese tweeling is nie. Ek het dit nog altyd gedink...

Maar die mees indrukwekkende spel het gekom van Tirsa. Sy was getooi in haar stylvolle Gucci outfit (in die nuwe swart: khaki), maar dit het haar nie weerhou om soos 'n maniac die spel te domineer nie. Alle punte van haar span was haar verdienste. Goed, beter, betirsa. Dis 'n nuwe term, net soos "Smack it like a Stolper", wat die laaste tyd gereëld op ESPN gehoor word.

Dominee Nel is ook nog steeds in ons midde, tot groot plesier van onder andere die jeug. Sinne soos "Hy is 'n cool bloke", "Ek like hom kwaai" en "Sy preke is diepsinnig, maar tog aktueel en mens sien dat hy kontekstueel vaardig is" word gehoor. As hierdie nie 'n groot genoeg skimp is vir die kerkraad om hom te beroep nie, weet ek ook nie meer nie.

Ons jeugtal is ook weer twee nuwe lede ryker, want Arjen Lamberts en Heske van de Groep het hier kom woon. Hulle kom altwee uit die groot hawestad, Spakenburg. Arjen was vroëer 'n Suid Afrikaner en mense met 'n goeie geheue sal onthou dat niemand so vinnig en vaardig met 'n Unox-muts deur die strate van Pretoria kon jaag op 'n Haro Impulse soos hy nie. Sinds sy vertrek is Spakenburg stil en leeg, selfs die ou tannies mis Leon Schuster se "Hie' kom die bokke" wat meer as gereeld deur die strate weerklink het. Heske, aan die ander kant, het onraad geruik en besef dat sy nou ook Suid Afrika toe moet kom. Sy hou ook van Leon Schuster. En van Albie. Dus: die keuse was eenvoudig. Welkom julle! As julle belangstel in 'n spot in die JS, maak jou stem dik.

Die deadline van die Olielamp is voor hierdie gebeurtenis, maar ek behandel dit maar by voorbaat. Teen uitskei-tyd was daar planne om met die hele jeug 'n nag te gaan kamp by Hennop's Pride. Ek is seker dit was (dit is dan teen leestyd) baie lekker. Ek wonder net of daar volleyball gespeel gaan word. Want dan stel ek voor dat die Tirsa getoets word vir anaboliese steroïede.

Nou is dit vir my ook uitskeityd, maar ek wil tog graag nog een ding vir julle sê. Luister mooi, mense:
"Think again, think Lieke" (vir die lekkerste beskuit in die hele wêreld, slijmerd).

Groetnis, en sê wie goeiemiddag

Voetspoor.

%%%

Kongres 2007!

Baie Christene in hierdie tyd is nie vissers van mense nie, maar bewakers van 'n akwarium

'n Kerk wat nie werwend is nie, is sterwend !

Die kerk is God se volk wat **uit** die wêreld geroep is,

in die wêreld geplaas is

en **na** die wêreld toe gestuur is!

Die jeug van die kerk drink Sondagaande saam koffie by iemand se huis. Weird Melani, soos almal haar so agter die hand noem, is ook daar. Dis duidelik dat sy graag met iemand wil gesels en sy doen ook moeite om geselsies aan te knoop. Telkens wanneer sy met iemand probeer praat, of in 'n kring gaan staan, maak mense verskoning soos: *Ek wil net gou by haar hoor of sy al…..* of *Melani, jy moet my net gou verskoon want ek moet dringend iets vir Piet vra……* Die ervaring is nie eenmalig nie, Melani beleef dit keer op keer. Sy besluit om volgende week Sondag saam met haar vriendin na die Volle Evangelie kerk te gaan.

Willem is 'n Nederlander wat vir 'n aantal maande in Suid-Afrika kom bly. Hy is lidmaat van 'De Gereformeerde Kerk Vrygemaakt' in Zwolle en wil om die rede sy attestaat inhandig by die Vrye Gereformeerde kerk. Hy is 'n ekstrovert en geniet dit om met mense te kuier en te debatteer. Na die diens bemerk hy die groep jeug wat by die ingang staan. *As hulle my dan nie kom groet nie, sal ek myself maar gaan voorstel*, dink hy by homself. Die groep is nie onvriendelik nie. Almal skud sy blad en sê vir hom wie hulle is. Daarna gaan die gesprek voort asof hy nie daar is nie. Niemand nooi hom of vra waar hy tuisgaan nie en later die oggend ry hy alleen huis toe na die leë hotelkamer. Hy besluit om volgende keer na die Gereformeerde kerk te gaan.

Toe Sandra die oggend wakker word vind sy die briefie onder haar kamerdeur. *Ek het besluit om julle te verlaat, daar is 'n ander vrou…. Ek sal voortgaan om vir jou studies te betaal. Laat weet jou ma wanneer sy more terug kom; dis finaal. Ek hoop dat jy my in die toekoms sal kan vergewe. Pa x.* Hoe sy ooit die oggend by die universiteit uitgekom het en die Plantkunde toets geskryf het, is 'n raaisel. Sy is totaal verslae. Wie van haar klas vriendinne sal verstaan wat daar vanoggend in haar hart is? Met wie sal sy kan praat? Magda, sy is 'n Christen, sysal haar kan opbeur. Sy sal luister en begryp. Sy nooi vir Magda na klastyd vir 'n koeldrank in die kafeteria. *Ag weet jy, jy moenie jou so ontstel nie, dit gebeur met baie mense. Dis baie erger wanneer jou pa dood is. Jy moet weet hoe swaar ons kry na Pappie se dood,* sê Magda en sug diep. Magda spring na vyf minute op - sy het nie meer tyd nie, sy wil by haar 'boyfriend' uitkom – en los vir Sandra daar in die hoekie alleen. Sandra vee in gedagte met haar vinger oor die tafelblad. *Hoe kan hy, wat besiel hom, is ons nie goed genoeg nie?* refrein dit deur haar kop. Sy wip soos sy skrik toe iemand skielik hier voor haar praat. Dis die Indiër meisie wat soggens altyd laat vir klas is. *Ek kan sommer sien hier is groot fout. Kom, dan bestel ek vir jou koffie en dan gesels ons. Ek sal luister as jy wil praat. My vriende moet vandag maar sonder my gaan 'social'.*

➔ Wat beoog ons met die kongres onderwerpe?

1. Om jou te laat sien wat die heerlike verlossing in Christus in werklikheid beteken.
2. Ons wil jou graag toerus om vrymoedig as 'n persoonlike getuie in die lewe te staan.
3. Ons wil jou leer om die groot nood waarin ons samelewing verkeer, raak te sien en hoe jy 'n verskil daaraan kan maak.

➔ Waaroor gaan die lesings handel?

Die volgende vrae word bespreek:
Waarom visvang? Wie moet visvang? Wanneer vang ons? Wie moet gevang word? Waarmee vang ons? Waar vang ons?

➔ Daar gaan ook praktiese werksessies wees!

Ons sal konkrete planne opstel en maatreëls in werking stel sodat die planne ook werklik uitgevoer word.
Dink solank oor hoe ons die geloof in Christus kan 'adverteer'.
Laat jou gedates gaan oor hoe ons ander jong mense na ons eredienste, bybelstudies en katkisasies kan nooi….

Sien jou daar!

Ds. Erik van Alten, oom Harry Pouwels, tannie Henria Stolper, oom? Johannes de Vries en oom? Johan van Wyk

KONGRES 2007: off the hook



Pssst... Kongres is om die draai...
Die Kongres se Tema hierdie jaar is:

Vissers van Mense

Die volgende onderwerpe sal deur sprekers behandel word:

1. Waarom visvang?
   Wie moet visvang?
   Wanneer vang ons?
2. Wie moet gevang word?
   Hoe gevang moet word.
   Waar vang ons?
3. Praktiese wenke
4. Kom ons vang.
   Terugvoer.
   Doelwitte.

Laat julle gedagtes solank rol. Belangrik om te onthou: **'n Kerk is werwend of sterwend!** Sien in hierdie uitgawe 'n kort inleidende stukkie oor elke onderwerp

Vir meer besonderhede: **WEES DAAR!**

Ons wil graag hê dat elkeen wat Kongres toe wil gaan, ook kán gaan. Indien jy miskien finansiële probleme het, kontak gerus vir **Lientjie Stolper** by 082 262-4146 of lientjie.stolper@gmail.com

Dank vir ...

- die afgelope jaar

Bid vir ...

- die Heilige Gees om ons te help stry teen die verkeerde
- geseënde Kongres 2007
- bewaring in die komende vakansietyd

Verjaarsdae

Desember 2007

JOHANNESBURG

Glenn Howell	20-Dec

KAAPSTAD

Jaco Haak	8-Dec
Elisabeth Riamond	10-Dec
Anja Luijk	12-Dec
Olga vd Hout	13-Dec
Robert vd Berg	31-Dec

MARANATA

Willem Sterk	1-Dec
Maryke Aartsma	9-Dec
Matthijs vd Hout	13-Dec
Janita vd Poel	15-Dec
Marinus vd Hout	19-Dec

PRETORIA

Carina Bijker	5-Dec
Tanya de Vente	7-Dec
Lientjie Stolper	17-Dec
Leonie Middeljans	18-Dec
Martin Boersma	29-Dec